


J.K. ROWLING

Harry Potter

en die Towenaar
se Steen

HOOFSTUK 1
GRATIS
UITTREKSEL



Eerste gepubliseer in Groot-Brittanje
in 1997 deur Bloomsbury Publishing Plc
50 Bedford Square, Londen WC1B 3DP
Hierdie uitgawe is gepubliseer in September 2014

Kopiereg © J.K. Rowling, 1997
Omslagillustrasie deur Jonny Duddle © Bloomsbury Publishing Plc 2014
Kaartillustrasie deur Tomislav Tomic © J.K. Rowling 2014
Die morele reg van die outeur word voorbehou.
Harry Potter-karakters, -name en verwante kentekens is
handelsmerke van © Warner Bros. Entertainment Inc.
Alle regte word voorbehou.

Oorspronklike titel: *Harry Potter and the Philosopher's Stone*
Afrikaanse vertaling deur Janie Oosthuysen
Eerste Afrikaanse uitgawe in 2000 deur Human & Rousseau,
'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.,
Heerengracht 40, Kaapstad
Eerste uitgawe, tiende druk, 2007

Tweede uitgawe, eerste druk, 2024
Afrikaanse omslagontwerp deur Nadine Kriel
Geset in 11¼ op 14 pt Weiss Std deur Teresa Williams
ISBN: 978-0-7981-8438-0

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gerepro-
duseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur
fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting.



Gedruk deur **novus print**, 'n Novus Holdings maatskappy

Die Seun Wat Bly Leef Het

Meneer en mevrou Dursley van Ligusterlaan 4 sê dikwels hulle is dood-gewone mense. Hulle hou hulle nie op met vreemde of geheimsinnige verskynsels nie, want hulle duld net eenvoudig nie sulke bog nie.

Meneer Dursley is die direkteur van Kroepp, 'n maatskappy wat bore maak. Hy is 'n blok van 'n man en het feitlik nie 'n nek nie, hoewel hy 'n yslike moestas het. Mevrou Dursley is maer en blond en het amper twee maal soveel nek as 'n gewone mens, wat handig is vir iemand wat so graag oor die heining na haar bure loer. Die Dursleys het 'n klein seuntjie, Dudley, en volgens sy ouers is hy net mooi die oulikste kind wat daar is.

Die Dursleys het feitlik alles wat hul harte begeer, maar hulle het ook 'n geheim en hul grootste vrees is dat iemand sal agterkom wat dit is. Hulle sal hul oë uit hul koppe skaam as die mense van die Potters moet weet. Mevrou Potter is mevrou Dursley se suster, maar hulle het mekaar jare laas gesien. Om die waarheid te sê, mevrou Dursley maak of sy glad nie 'n suster het nie, want haar suster en die se nikswerd man is so on-Dursley-agtig as kan kom. Die Dursleys sidder by die gedagte aan wat hul bure sal sê as die Potters ooit daar sou uitslaan. Hulle weet ook dat die Potters 'n klein seuntjie het, maar hulle het die kind nog nie met 'n halwe oog gesien nie. Dié kind is nog 'n rede waarom hulle die Potters vermy; hulle wil nie hê Dudley moet met so 'n gebroedersel meng nie.

Toe meneer en mevrou Dursley wakker word op die somber grys Dinsdag waarop ons storie begin, is daar niks aan die bewolkte lug wat enigsins daarop dui dat vreemde en geheimsinnige dinge aan die broei is nie. Meneer Dursley neurie terwyl hy sy vaalste das vir werk uitsoek en mevrou Dursley skinder strykteur terwyl sy 'n skreeuende Dudley in sy hoë eetstoeltjie bondel.

Niemand merk die groot bruin uil wat verby die venster fladder nie. Teen halfnege tel meneer Dursley sy aktetas op, pik sy vrou op die wang en probeer 'n soen op Dudley se wang plant, maar dis mis, want Dudley is in 'n vieslike bui. Hy slinger sy pap teen die mure.

“So ’n klein stouterd,” proes meneer Dursley terwyl hy buitentoe stap. Hy klim in sy kar en ry agtertoe uit die oprit voor nommer vier.

Dis eers op die hoek van die straat dat hy iets vreemds merk – ’n kat wat ’n padkaart lees. Vir ’n oomblik is meneer Dursley skoon verstom – toe ruk hy sy nek om en kyk weer. Daar staan wel ’n strepieskat op die hoek van Ligusterlaan, maar daar is nie ’n padkaart in sig nie. Wat gaan in sy kop aan? Dit moet die vals lig wees.

Meneer Dursley knipper sy oë en staar na die dier. Die kat staar terug.

In die ry hou hy die kat in die truspieëltjie dop. Nou lees sy die padteken waarop *Ligusterlaan* staan, nee, sy kyk na die teken, katte kan tog nie kaarte of tekens lees nie. Meneer Dursley knyp homself, dwing die kat uit sy gedagtes en dink aan niks anders as die groot bestelling bore wat hy hoop om daardie dag te kry nie.

Op die rand van die dorp word alle gedagtes aan bore uit sy kop verdryf deur iets heeltemal anders. Terwyl hy in die gewone oggendverkeersknoop sit en wag, sien hy ’n klomp mense wat baie snaakse klere aanhet. Mense in mantels. Meneer Dursley hou net mooi niks van mense wat snaakse klere dra nie – die verspotte monderings wat die jongmense tog koop! Moet weer die een of ander belaglike nuwe mode wees, dink hy.

Hy sit nog so met sy vingers op die stuurwiel en trommel toe hy ’n groepie van dié mense sommer hier by hom sien staan. Hulle fluister opgewonde onder mekaar. Meneer Dursley is geskok om te sien dat ’n hele paar van hulle glad nie meer so danig jonk is nie. Daardie man moet ’n goeie ent ouer wees as hy, en die vent dra sowaar ’n smaraggroen mantel! Hoe stuitig. Dit moet ’n reklamefoefie wees, dink hy, die mense kollekteer natuurlik vir iets . . . ja, dis wat hier aan die gang is.

Die verkeer begin beweeg en ’n paar minute later ry meneer Dursley Kroopp se parkeerterrein binne. Sy gedagtes is terug by bore.

Meneer Dursley sit altyd met sy rug na die venster daar in sy kantoor op die negende verdieping. As dit nie die geval was nie, sou hy daardie dag met groot moeite op bore gekonsentreer het. Soos dit is, sien hy glad nie die uile wat helder oordag verbyvlieg nie; hoewel die mense onder in die straat hulle wel deeglik sien. Hulle wys en beduie en staar oopmond terwyl uil na uil oor hul koppe swiep. Die meeste van hulle het nog nooit ’n uil gesien nie, nie eens in die nag nie. Meneer Dursley, daarenteen, het ’n doodgewone, uilvrye oggend. Hy skree op vyf verskillende mense. Hy maak ’n spul belangrike oproepe en skree weer. Tot etenstyd toe is hy in ’n baie goeie bui. Toe besluit hy om sy bene te rek en ’n oliebol by die bakker oorkant die straat te gaan koop.

Die mense met die mantels het hom heeltemal ontgaan tot hy verby ’n

groepie van hulle stap. In die verbygaan staan hy vererg na hulle. Hy kan dit nie verstaan nie, hulle laat hom ongemaklik voel. Hierdie spul fluister ook opgewonde en daar's nie 'n enkele kollekteerblikkie in sig nie. Dis eers toe hy terugloop met 'n yslike oliebol in 'n papiersak dat hy toevallig 'n paar woorde hoor.

"Die Potters, ja, dis reg, dis wat ek gehoor het."

"– hul seun, Harry –"

Meneer Dursley steek in sy spore vas. Hy is tot die dood toe benoud.

Hy loer-loer na die fluisterende groepie mense, nes of hy iets wil sê, maar toe bedink hy hom.

Hy hardloop oor die straat, storm na sy kantoor, skree op sy sekretaresse om hom nie te steur nie, gryp die telefoon en skakel sy huis se nommer. Toe bedink hy hom. Hy sit die gehoorbuis neer en streel sy moestas en dink . . . nee, hy is heeltemal verspot. Potter is tog 'n doodgewone van. Daar moet honderde mense wees wie se van Potter is en wat 'n seun met die naam Harry het. Om die waarheid te sê, hoe meer hy daaroor dink, hoe meer twyfel hy of sy nefie se naam wel Harry is. Hy't die seun nog nooit eens gesien nie. Dalk is dit Hendrik. Of Harvey. Dis glad nie nodig om mevrou Dursley om te krap nie, sy raak so ontsteld as haar suster se naam net genoem word. Nie dat hy haar kwalik neem nie – as hy darem so 'n suster moet hê . . . Maar tog, al daardie mense in mantels . . .

Dis baie moeilik om daardie middag op bore te konsentreer en toe hy teen vyfuur by die gebou uitstap, is hy nog so omgekrap dat hy net buite die deur in iemand vasloop.

"Jammer," brom hy toe die ouerige mannetjie struikel en amper val.

Dis eers 'n hele paar sekondes later dat meneer Dursley besef dat die man 'n pers mantel dra. Hy lyk ook nie juis ontsteld na hy so amper uit die grond geloop is nie. Intendeel, sy gesig breek oop in 'n breë glimlag en hy sê in 'n krakerige stem wat die verbygangers verbaas laat staan:

"Dis regtig nie nodig om jammer te wees nie, vriend. Vandag kan niks hy ontstel nie! Verbly jou, want Jy-Weet-Wie is uiteindelik verdryf! Selfs Moggels soos jy behoort hierdie wonderlike dag te vier!"

Toe gryp die ou man meneer Dursley om die lyf, druk hom vas en stap aan.

Meneer Dursley staan of hy geplant is. Hy is so pas deur 'n wildvreemde man omhels. Ook dink hy die man het hom 'n Moggel genoem, wat dit ook al mag wees. Hy is skoon van stryk. Hy haas hom na sy motor en sit af huis toe en hoop hy het hom net verbeel, iets wat nog nooit tevore gebeur het nie, want hy glo glad nie in goed soos verbeelding nie.

Toe hy inry by nommer vier sien hy – en dit doen niks vir sy bui nie – die

strepieskat van vroeër die oggend. Sy sit op die muur om sy tuin. Hy is seker dis dieselfde kat; die merke om die oë lyk presies dieselfde.

"Skoert!" sê meneer Dursley kwaai.

Die kat roer nie. Sy kyk streng na hom. Is dit normale katgedrag? wonder meneer Dursley. Hy probeer homself regruk en gaan in by die deur. Hy is nog steeds van plan om niks vir sy vrou te sê nie.

Mevrou Dursley het 'n doodgewone dag gehad. Terwyl hulle eet, praat sy oor die bure se probleme met hul dogter en hoe Dudley 'n nuwe woord geleer het ("Sallie!"). Meneer Dursley probeer doodgewoon optree. Toe Dudley gaan slaap, gaan hy sitkamer toe, net betyds om die laaste item op die nuus te hoor. "Voëlkykers van oor die land maak melding van ons uile se ongewone gedrag," hoor hy. "Hoewel uile in die reël snags jag en bedags selde gesien word, het honderde uile helder oordag rondgevlieg. Kenners kan glad nie verklaar waarom die uile skielik van slaappatroon verander het nie." Die nuusleser gee 'n effense laggie. "Dis werklik eienaardig. En nou, oor na Jim Meyer met die weerberig. Gaan daar vannag nog uile op ons reën, Jim?"

"Wel, Ted," antwoord die weerman, "ek kan regtig nie sê nie, maar dis nie net uile wat vreemd optree nie. Kykers van so ver as Kent, Yorkshire en Dundee het gebel om te sê dat pleks van die bui reën wat ek vir gister voorspel het, was daar 'n hele vlag verskietende sterre! Dalk het die mense Guy Fawkes 'n bietjie vroeg begin vier – dis eers volgende week, vriende! Vir vannag waarborg ek egter reën."

Meneer Dursley sit vasgenael op sy leunstoel. Verskietende sterre oor die hele land? Uile wat in die dag vlieg? Geheimsinnige mense in mantels die wêreld vol? En die ergste van alles, 'n fluistering, net 'n fluistering oor . . . *die Potters*.

Net toe kom mevrou Dursley die sitkamer binne met twee koppies tee.

Meneer Dursley kan nie anders nie. Hy moet iets sê. Senuagtig maak hy keel skoon. "H'm – Petunia, skat – jy het nie dalk onlangs van jou suster gehoor nie, het jy?"

Mevrou Dursley is geskok en vererg, nes hy verwag het. Hulle maak immers nog altyd asof haar suster nie bestaan nie.

"Nee," sê sy skerp. "Hoekom?"

"Vreemde dinge oor die nuus," mompel meneer Dursley. "Uile . . . verskietende sterre . . . en daar was 'n hele spul baie eienaardige mense in die dorp vandag . . ."

"So?" sê mevrou Dursley snydend.

"Wel, ek dag . . . miskien . . . dalk het dit iets te doen met . . . jy weet . . . *haar* soort."

Mevrou Dursley dwing klein mondjies vol tee deur stywe lippe. Meneer Dursley wonder of hy dit kan waag om te sê dat hy die naam "Potter" gehoor het. Liewer nie, besluit hy dan. Pleks daarvan sê hy so ongeërg moontlik: "Hul kind – hy's omtrent so oud soos Dudley, dan nie?"

"Ek skat so," sê mevrou Dursley koud.

"Wat is sy naam nou weer? Hendrik, of hoe?"

"Harry. Nare, simpel naam, as jy my vra."

"O ja," sê meneer Dursley en sy moed sak tot in sy skoene. "Ja, ek stem saam."

Hy sê nie 'n verdere woord oor die onderwerp toe hulle met die trappe na hul slaapkamer toe gaan nie. Terwyl mevrou Dursley in die badkamer is, sluip meneer Dursley na die venster en loer af op die voortuin. Die kat is nog steeds daar. Sy staan na Ligusterlaan asof sy vir iets wag.

Verbeel hy hom? Het al hierdie goed werklik iets met die Potters te doen? En as dit so is . . . as dit moet uitkom dat *bulle* familie is van twee – nee, hy sal dit nie kan verdra nie.

Die Dursleys kruip in. Mevrou Dursley dommel gou weg, maar meneer Dursley rol onrustig rond, want alles draai om en om in sy brein. Die laaste gedagte waarmee hy homself troos, is dat selfs as die Potters wel betrokke is, hulle nie noodwendig vir hom en mevrou Dursley sal kom pla nie. Die Potters weet immers goed wat hy en Petunia van hulle en hul soort dink . . . Hy kan net nie sien hoe hy en Petunia ingesleep kan word nie. Hy gaap en rol om. Dit kan hulle nie affekteer nie . . .

Hoe verkeerd was hy nie.

Meneer Dursley kan wel onrustig aan die slaap raak, maar die kat daar buite op die muur lyk nie in die minste vaak nie. Sy sit so stil soos 'n standbeeld en staar, sonder om 'n oog te knip, na die verste hoek van Ligusterlaan. Sy roer nie 'n lit nie, nie eens toe 'n motordeur in die volgende straat toeslaan nie, ook nie toe twee uile verbyswiep nie. Dis eers teen middernag dat die kat hoegenaamd beweeg.

'n Man verskyn op die straathoek wat die kat nog die hele tyd dophou; hy verskyn so skielik en so suutjies asof hy uit die grond oprys. Die kat se stert kwispel en haar oë vernou.

Só 'n man is nog nooit in Ligusterlaan gesien nie. Hy is lank en maer en só oud dat hy sy silwer hare en baard onder sy gordel kan insteek. Hy dra 'n lang kleed, 'n pers mantel wat oor die grond sleep en hoëhakskoene met gespes. Sy blou oë is lig en blink en skitter agter halfmaanbrilglase en sy neus is baie lank en krom, asof dit al ten minste twee keer gebreek het. Hierdie man se naam is Albus Dumbledore.

Met bewende hande draai Harry die koevert om. Agterop is 'n stempel in pers lak gedruk. Dis 'n wapenskild met 'n leeu, 'n arend, 'n ratel en 'n slang wat om die letter "H" gerangskik is.



Harry Potter het nog nooit eens van Hogwarts gehoor toe die briewe op die deurmatjie voor Privetlaan nommer vier begin verskyn nie. Die koeverte met die groen ink en pers stempel op vergeelde perkamentpapier word egter vinnig deur sy mislike oom en tante gekonfiskeer. Maar dan, op Harry se elfde verjaardag, bars 'n reus van 'n man met lang swart hare en 'n woeste bos baard by die voordeur in. Die reus stel homself voor as Hagrid en hy bring verstommende nuus: Harry is 'n towenaar en hy word genooi na die Hogwarts Skool vir Towerkuns en Heksery. 'n Ongelooflike avontuur is op die punt om te begin!

NIE TE KOOP NIE

**WIZARDING
WORLD**



Human & Rousseau

Volg ons op [facebook.com/NBPublishers](https://www.facebook.com/NBPublishers)

JEUGFIKSIE

ISBN 978-0-7981-8438-0



9 780798 184380

www.humanrousseau.com